LE-AMEN ONDERWYSSENTRUM

C

2026
Handleiding Gr 12

“…..maar ek en my huis, ons sal die Here volg.”

Kopiereg voorbehou Le-Amen Onderwyssentrum 2025

MISSION STATEMENT: TO BE EDUCATED

If I learn my ABCs, can read 600 words per minute, and can write with perfect penmanship, but have not been shown how to communicate with the Designer of all language

I have not been educated

If I can deliver an eloquent speech and persuade you with my stunning logic, but have not been instructed in God's wisdom,

I have not been educated

If I have read Shakespeare and John Locke and can discuss their writings with keen insight, but have not read the greatest of all books – the Bible – and have no knowledge of its personal importance,

I have not been educated.

If I have memorized addition facts, multiplication tables, and chemical formulas, but have never been disciplined to hide God's Word in my heart.

I have not been educated

If I can explain the law of gravity and Einstein's theory of relativity, but have never been instructed in the unchangeable laws of the One Who orders our universe,

I have not been educated

If I can classify animals by their family, genus and species, and can write a lengthy scientific paper that wins an award, but have not been introduced to the Maker's purpose for all creation,

I have not been educated

If I can recite Gettysburg Address and the Preamble to the Constitution, but have not been informed of the hand of God in the history of our country,

I have not been educated

If I ca play the piano, the violin, six other instruments, and can write music that moves men to tears, but have not been taught to listen to the Director of the universe and worship Him,

I have not been educated

If I can run cross-country races, star in basketball and do 100 push-ups without stopping, but have never been shown how to bend my spirit to do God's will,

I have not been educated

If I can identify a Picasso, describe the style of da Vinci, and even paint a portrait that earns an A+, but have not learned that all harmony and beauty comes from relationship with God,

I have not been educated

If I graduate with a perfect 4.0 and am accepted at the best university with a full scholarship, but have not been guided into a career of God's choosing for me,

I have not been educated

If I have become a good citizen, voting at each election and fighting for what is moral and right, but have not been told of the sinfulness of man and his hopelessness without Jesus Christ,

I have not been educated

However, if one day I see the world as God sees it, and come to know Him, Whom to know is life eternal, and glorify God by fulfilling has purpose for me,

Then, I have been educated!

INHOUD

- A1 Missie
- A2 Algemeen
- A3 Graad 12
- A4 Le-Amen se Beleid
- A5 Leerders
- A6 Toelatingsvereistes vir Finale Eksamen
- A7 Instuur van Opdragte
- A8 Portefeuljes, Prakties
- A9 Mondeling
- A10 Junie Eksamens
- A11 Rekord- en Finale Eksamens
- A12 Hersien, Hermerk
- A13 Fooie
- A14 Effektiewe Studiemetodes
- A15 Doelstelling
- A16 Effektiewe Gebruik van Tyd
- A17 Hoe om goeie Opdragte te lewer

A2

Algemeen

Baie welkom by Le-Amen Onderwyssentrum. Ons glo dat dit weereens ‘n besondere jaar vir ons almal gaan wees. Vanaf Le-Amen wens ons julle almal ‘n voorspoedige en vreugdevolle jaar toe.

Le-Amen is gebore uit ‘n passie vir tuisonderrig. Al die mooi herinneringe, seën en sukses deur al die jare hou ons aan die gang. Tuisonderrig is ‘n voorreg vir elke ouer en dit kan nie gemeet word aan geld nie! Dit is altyd ‘n plesier om met tuisonderrig studente te werk.

Ons het al wonderlike studente sien kom en gaan deur al die jare. Baie is nou al getroud en tuisonderrig nou hulle eie kinders!

Die Le-Amen Onderwyssentrum bestaan vanaf 1995. Die naam “Le-Amen” beteken “om iemand voor te berei en om iemand op te lei.”

Geniet julle kinders. Pas hulle mooi op, want voor jy jou oë uitvee, is hulle groot.

Neem die vrymoedigheid om te skakel indien daar enige onduidelikhede is.

“Mama exhorted her children every opportunity to “jump at the sun”.
We might not land on the sun,
but at least we would get off the ground!”

A3

Graad 12

Daar is twee keusus:

1. Nadat jy graad 10 suksesvol voltooi het,kan jy aansoek doen om jou matriek in 2 sittings te doen.
   Jy konsentreeer op 3 vakke per jaar, maar voltooi graad 11 en graad 12 werk van die betrokke vak.
   Jy moet 2 opeenvolgende jare by Le-Amen aanbly om jou matriek te voltooi. Daar sal geen graad 11 sertifikaat uitgereik word nie.

2. Nadat jy graad 11 suksesvol voltooi het, kan jy aansoek doen om jou matriek in 2 sittings te doen.
   Jy konsentreeer op 3 vakke per jaar, maar voltooi slegs graad 12 werk van die betrokke vakkke.
   Jy moet 2 opeenvolgende jare by Le-Amen aanbly om jou matriek te voltooi

- Maak net seker dat jy die regte vakkeuse het vir universiteits toelating**.** Raadpleeg universiteit vir toelatingsvereistes. Die twee aparte sertifikate word aan die einde van jou finale jaar gekombineer en jy ontvang ‘n amptelike matrieksertifikaat met universiteitstoelating

- Le-Amen skryf die I.E.B. Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen. Dit word internasionaal erken.
- Vanweë al die portefeuljewerk wat vir elke vak voltooi moet word, sal geen vakveranderings toegelaat word na amptelike graad 12 registrasie nie.

- Matriek registrasie by Le-Amen sluit einde Februarie.

Vir aansoek tot Universiteit:

- Gebruik jou graad 12 1ste jaar uitslae. OF
- Gebruik jou graad 11 uitslae.

A4
Le-Amen se Beleid

Dit is vir ons baie belangrik dat julle verstaan presies wat Le-Amen aanbied en verwag en waar die verantwoordelikheid vir hierdie baie belangrike jaar lê:

- Die finale verantwoordelikheid vir die effektiewe voorbereiding vir die eksamen rus op die matriekleerling se skouers
- Le-Amen skakel direk met die leerlinge/ouers.
- Van die ouers word verwag dat hulle ondersteuning en aanmoediging sal gee
- Ouers moet ook ten alle tye weet hoe hulle kind vorder en tot watter mate hy/sy aan die vereistes voldoen
- Le-Amen bied ‘n ondersteunende rol ten opsigte van portfolio materiaal, die nasien van opdragte/assessering, en registrasie van kandidaat by die eksamineringsliggaam.
- Le-Amen stuur die proses deur die streng toepassing van toelatingsvereistes soos die instuur van opdragte, Junie eksamen en Rekordeksamen. Dit verseker dat die leerlinge die nodige pas handhaaf sodat hulle gereed is om in November eksamen te skryf
- Le-Amen wil nie betrokke raak by persoonlike en huissake nie
- Le-Amen gaan werksopdragte wat laat is, aanvra en waarskuwings uitstuur.
- Die personeel by Le-Amen sien dit ook nie as hulle plig om leerlinge oor swak werk aan te spreek nie.
- Dit is nie Le-Amen se beleid om aan jou te verduidelik of terugvoering te gee oor enige opdrag nie.

A5

Leerders

- Jou matriekjaar moet ernstig opgeneem word en jy sal baie hard moet werk aangesien die standaard hoog is.
- Die leerders is vir Le-Amen baie belangrik en dit is ons missie dat elke student suksesvol matriek sal slaag.
- Ons moet egter beklemtoon dat ons volle samewerking en toewyding vanaf elke leerder moet hê om die beste diens moontlik te kan lewer.
- Indien ons vra vir terugvoering, doen dit asseblief onmiddellik. Julle moet die vrymoedigheid hê om Le-Amen te kontak indien daar enigiets is waarmee ons kan help.
- Jy moet jou eie tutor reël, indien nodig, veral vir Wiskunde en Wetenskap.
- Daar is deesdae al hoe meer kandidate wat weens swak akademiese uitslae of dissipline probleme nie in ‘n gewone skoolopset kan funksioneer nie. Afstandsonderrig word dan as ‘n maklike uitweg gesien. Ons het egter gevind dat sodanige kandidate nog minder suksesvol is met ons stelsel, aangesien IEB se standaard baie hoog is. **Kandidate wat akademies baie swak vaar of nie die nodige selfdissipline het nie, word dus aangeraai om eerder ‘n ander roete te volg.**
- Ons kan nie leerlinge akkommodeer met remediërende en/of enige ander leerprobleme nie. **Geen konsessies nie.**

Kontaknommers by Le-Amen:

Algemeen: 011 958 0366 / 05302
Sel: 079 895 4403
info@le-amen.co.za

Uitslae en ontvangs van opdragte

- Le-Amen info@le-amen.co.za

Tale

- Lindy-Lou van Tonder lindy-lou@le-amen.co.za

(Alle navrae op skrif – cc altyd na info@le-amen.co.za)

A6

Toelatingsvereistes vir die Finale Eksamen

Ons sal 'n Google-skyf vir elke leerder skep. Al die toetse, ens. Jy moet dan al jou gedoen assessering, navorsingstake, praktika, ens.

OPDRAGTE:

- **Alle opdragte moet gedoen word**
- Vir elke opdrag van al die vakke, **moet jy 40% behaal**.
- Indien jy nie 40% vir elke opdrag behaal nie, is jy nie gereed vir die Junie Eksamen nie.

JUNIE EKSAMENS:

Jy moet aan al die vereistes van die Junie eksamens voldoen.

- Eksamens: Tydens die Junie eksamen word eksamens afgelê onder eksamentoestande. **Moet 40% behaal.** Geen uitsondering omrede die afbakening van wat om te leer 7 weke voor die tyd gegee word.
- Prakties: Prakties in Lewenswetenskap word gedoen.
- Mondeling: Mondeling in alle tale word afgelê en opgeneem
- Portefeuljewerk: Portefeuljewerk word gefinaliseer.
- Al die komponente van die Junie eksamen moet by Le-Amen afgelê word.

Jy moet 40% behaal vir elke afdeling van elke vak tydens die Junie Eksamen. Indien jy ‘n vak druip, sal jy aanvraag kan doen vir herskryf.

REKORDEKSAMEN:

- Die rekordeksamen moet by Le-Amen afgelê word.

A7
Instuur van Opdragte

- Elke vak het ‘n voorblad waarop die inhandigingsdatums aangedui is
- Dit is ‘n vereiste dat ALLE opdragte ingehandig moet word
- Opdragte moet Le-Amen op die sperdatum bereik. Daar sal geringe toegewings wees in uitsonderlike gevalle.
- Indien jou opdrag nie ‘n week na die sperdatum in is nie, sal ‘n skriftelike waarskuwing ge-e-pos word na die e-pos adres op die Z10 vorm.
- Moenie vir uitslae wag nie – begin die volgende opdrag sodra een opdrag gepos word.
- NB! Maak **afskrifte** van al jou antwoordstelle voordat jy dit inhandig. Moenie die opdrag saamstuur nie.
- Ons het harde kopieë nodig, moet dus nie die opdragte e-pos nie.
- Uitslae van die opdragte sal onmiddellik met ontvangs aan die leerlinge ge e-pos word na die e-pos adres op jou Z10 vorm.
- **Alle opdragte moet voor die Junie eksamens in wees. Geen opdragte sal na hierdie datum aanvaar word nie.**
- Onderwysers wat vir Le-Amen nasien, mag nie regstreeks geskakel word nie.
- Skryf jou naam en D-nommer duidelik op jou werk
- Koerier:

  Plot 12
  Totius Road
  Amorosa
  Ruimsig
  1732

A8
Portefeuljes, Prakties

Portefeuljes

- Portefeuljewerk in alle vakke is uiters belangrik en tel 25% van die finale punt. **Werk moet van ‘n hoë standaard wees.**
- Werk moet netjies in jou eie handskrif wees
- Vra iemand om jou werk na te gaan voordat jy dit instuur. Let op na sinskonstruksie, spelling, ens.
- Die portefeulje moet jou eie, oorspronklike werk wees.
- Moenie afgejaagde, minderwaardige werk instuur nie

Prakties – Lewenswetenskap

- Goeie voorbereiding is nodig voordat julle na die Junie eksamen toe kom. Jy moet al die teorie onder die knie hê om sodoende die praktiese toetse te kan doen.
- Praktiese evaluering sal tydens die Junie eksamen plaasvind
- Vraestel 3 Finale Prakties moet teen middel September by Le-Amen geskryf word.

Lewensoriëntering:

- GTA A deel 2 sal tydens die Junie eksamen afgelê word.
- GTA B sal teen middel September by Le-Amen afgelê word.

Leerlinge en ouers mag insae hê in portefeulje tydens Junie. Enige onduidelikhede moet dan uitgesorteer word.
Geen Portefeulstukke sal na Julie aanvaar word nie
Die portefeulje bly egter die eiendom van Le-Amen.
Geen afskrifte van die gemerkte portefeuljestukke sal gemaak word nie.

A9
Mondelinge in Tale

- Daar is ‘n mondelinge komponent in al die tale
- Die amptelike mondelinge evaluering vind plaas voor /tydens die Junie eksamen en is verpligtend.
- Mondeling tel 25% van die finale punt. Dit is dus baie belangrik om goed te doen.
- Volledige inligting omtrent die onderskeie komponente wat voorberei moet word, word reeds aan die begin van die jaar ingesluit by die taal opdragte. Dit behels ‘n voorbereide toespraak, voorbereide en onvoorbereide lees, luisterbegrip, ‘n GTA-komponent, algemene gespreksvoering, kennis van aktuele sake, en die voorgeskrewe vierde genre (Afd D-letterkunde)
- Indien daar enige onsekerheid bestaan omtrent die mondelinge evaluering, moet Lindy-Lou van Tonder direk by Le-Amen gekontak word.
- IEB Mondelinge moderering vind tussen middel September tot middel Oktober Le-Amen plaas en is verpligtend.
- Mondelinge vir tale: neem asseblief kennis dat leerlinge reeds met die aanvang van die Junie eksamen, ten volle voorbereid moet wees vir ALLE komponente van die mondeling.

A10
Junie Eksamen

- Die Junie eksamen word geskryf volgens die Matriek kalender. Dit kan wees dat van die praktiese vakke oor die naweek geskied.
- Die afbakening en rooster sal voor die tyd gestuur word.
- Die Junie eksamen word by Le-Amen onder eksamenomstandighede afgelê. Nie onderhandelbaar nie
- Bywoning is verpligtend

A11
Rekordeksamen

- Daar word ‘n Rekordeksamen afgelê in elke vak tydens einde Augustus, begin September.
- Die rekordeksamen word by Le-Amen onder eksamenomstandighede afgelê. Nie onderhandelbaar nie.
- Daar is geen afbakening vir die rekordeksamen nie, jy moet die hele sillabus ken.
- Die rekordeksamen is deel van jou portefeulje.
- Maak asseblief seker dat jy presies weet wat vraestel 1 en 2 van elke vak behels.
- Dit is dus van uiterste belang dat julle uitstekend vaar in die rekordeksamen

Finale Eksamen

- Die finale eksamen word tydens November geskryf.
- Die finale eksamen moet by Le-Amen geskryf word. Moet nie die Eksamineringsliggaam skakel om ander reëlings te probeer tref nie. Dit sal nie toegelaat word nie.

A 12
Hermerk & Hersien van eksamen vraestelle
Herskryf van SBA stukke/mondeling

Hermerk/Hersien:

- Aansoek vir hermerk/hersien van Junie eksamen en Rekordeksamen sal oorweeg word vanaf enige kandidaat wat wil aansoek doen.
- Die voorgeskrewe fooi (R350) moet die aansoek vergesel en Le-Amen bereik op die datum soos aangedui op uitslae. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.
- Indien die kandidaat ‘n hoër punt in enige vak/ke behaal, sal alleen die fooi wat betaal is vir sodanige vak/ke terugbetaal word. Geen terugbetalings sal gedoen word in gevalle waar ‘n kandidaat na ‘n hermerk steeds die betrokke vak druip nie, selfs al sou die nuwe punt hoër wees as die oorspronklike punt.

Herskryf van opdragte/portefeulje werk/Mondeling.

- Indien jou punt nie na wense is nie, is jy welkom om dit oor te doen teen R300 per stuk, onderhewig aan watter taak en of jy gemagtig is om dit oor te doen volgens die eksamineringsliggaam. Wanneer stukke oorgedoen word, moet die punte steeds jou ware vermoë weerspieël. Die punte behaal in SBA stukke moet korreleer met punte vir vraestelle onder eksamenomstandighede. Indien daar ‘n groot verskil is tussen die punte van die opdragte vir jou SBA en die eksamen vraestelle wat jy by Le-Amen aflê, veroorsaak dit ‘n wanverhouding wat daartoe sal lei dat jou SBA punt nie in ag geneem sal word nie. Ons sal dan genoodsaak wees om die eerste stuk te gebruik.
- Dit is nie Le-Amen se beleid om aan jou te verduidelik of terugvoering te gee oor enige opdrag nie. Slegs met opdragte, soos opstelle in tale, wat jy moet oordoen, sal terugvoering gegee word

A13
Gelde Betaalbaar

R 500 administrasie fooi per leerder per jaar.

- R 4 500, 00 per ingeskrewe vak
- R 2 220, 00 per “sleep” vak

Fooie sluit in:

- Alle opdragte en merk daarvan.
- Registrasie by eksamineringsliggaam.
- Samestelling, merk en inhandiging van alle portefeuljes.
- Finale eksamens tydens November by Le-Amen.

Addisionele kostes:

Oordoen van portefeulje stukke –	R 300 per stuk
Herskryf van Junie eksamen –	R 300 per vraestel.
Lewenswetenskap prakties Junie en Finaal:	R 1000
Junie Halfjaar Eksamen –	R 300 /vraestel
Rekordeksamen tydens September –	R 300/vraestel.
Boete vir laat inhandinging na die derde navraag.	R 300.

Posgelde: indien nodig sal jou rekening gedebiteer word.

Betalings kan geskied per kontant of eft.

LE-AMEN
EERSTE NASIONALE BANK FEATHERBROOK
TAK: 250741 REKENINGNOMMER: 50400063372

- E-pos die volgende:
  1. Voltooide inskrywingsvorm
  2. Voltooide Z10 vorm
  3. Depositostrokie (bewys van betaling)
  4. Graad 10/11 sertifikaat
- Indien jy kanselleer sal jy verantwoordelik gehou word vir die ingeskrewe vak fooie.
- Geen terugbetalings nie
- Kontak (**info@le-amen.co.za**) vir enige afbetalings ooreenkoms.

A14
Effektiewe Studiemetodes

- Om by ‘n tafel te sit en studeer is glad nie maklik nie – dit verg harde werk. Jy het energie en dryfkrag nodig.
- Baie tyd is nodig en die besteding van jou tyd is baie belangrik
- Beplan ‘n vaste roetine en hou daarby – dit verminder stres!
- Bly gemotiveerd deur jouself gedurig te herinner waarom hierdie studies belangrik is vir jou toekoms
- Hou jou liggaam gesond en fiks: eet gebalanseerd en vermy opkikkers soos koffie en wakkerbly-middels, slaap genoeg en oefen gereeld.
- Kies ‘n lekker plek om te werk met ‘n regop stoel en ‘n tafel waarop al jou boeke pas
- Hou alles wat jy nodig het byderhand: boeke, papier, penne, potlode, uitveër, liniaal, sakrekenaar, ens
- Maak seker dat die lig helder genoeg is, maar sonder om jou werk te laat blink
- Sorg vir vars lug en ‘n gerieflike temperatuur

A15
Doelstelling

- Korttermyn doelwitte: Dit is dalk ‘n goeie idee om die sperdatums vir opdragte te gebruik as korttermyn doelwitte. Jy kan dalk uitwerk watter afdelings per dag afgehandel moet word ten einde die opdragte betyds te kan voltooi
- Langtermyn doelwitte: Formuleer jou ideale vir jou toekoms. Hou altyd jou toekomsplanne voor jou. Dit sal jou help om te kan deurdruk met die korttermyn doelwitte

A16
Effektiewe gebruik van Tyd

- Dit is belangrik om te besef dat gereelde, uitgebreide studie beter is as kort periodes van intensiewe werk Baie meer word bereik in 5 ure as die tyd uitgesprei is oor een week as wanneer jy 5 ure aanmekaar werk op een dag
- Dit is ‘n goeie idee om ‘n aktiwiteitsrooster op te stel waar jy elke uur van jou dag beplan.
- Beplan die mees intensiewe werk vir daardie tye van die dag wanneer jy die lekkerste werk: vir sommige mense is dit vroeg in die oggend en vir ander laat in die aand
- Moenie vir langer as een uur ononderbroke werk nie. Jou konsentrasievermoë laat jou toe om net 45 minute goed te konsentreer. Hierna moet jy ‘n kort rukkie ontspan sodat jou verstand die werk wat jy geleer het, kan konsolideer
- Beplan genoeg ontspanningsaktiwiteite weg van jou studies af
- Skaf vir jou ‘n jaarbeplanner aan (meeste boekwinkels verkoop hulle) Beplan jou werk vir die jaar daarop. Dui sperdatums en eksamens aan sodat jy kan sien of jy op koers bly.

A17

Hoe om goeie opdragte te lewer

- Maak opsommings. Moenie net werk deurlees nie. Dit is belangrik dat jy aktief besig is met die materiaal. Deur opsommings uit te skryf verseker jy dat:
- Jy konsentreer op die werk waarmee jy besig is
- Die werk beter onthou word
- Jy notas het wat dalk makliker is om te leer net voor die eksamen
- Wees sistematies en georganiseerd in jou werk en rangskik jou aantekeninge op ‘n logiese manier
- As jy aandag gee terwyl jy werk, sal jy die werk makliker onthou. Dit is ook makliker om werk te onthou wat jy ‘n paar keer deurgewerk het
- Jou korttermyngeheue vergeet inligting baie gou. Slegs materiaal wat behoorlik bestudeer word, word oorgeplaas na jou langtermyngeheue
- Dit is dus belangrik dat jy werk effektief na jou langtermyn-geheue sal kan oorplaas. Wenke:
- Feite moet dikwels in die korttermyngeheue herhaal word
- Jy kan slegs werk onthou wat jy ten volle verstaan
- Begin altyd ‘n sessie deur te herroep wat jy kan onthou voordat jy dieselfde werk weer leer
- Om werk beter te kan verstaan moet jy daaroor nadink, daaroor praat, vrae vra, vrae uitwerk, ens
- Organiseer feite in ‘n logiese volgorde
- Gebruik “mind maps”
- Die aanbieding van jou opdragte moet so netjies as moontlik wees aangesien dit bydra tot die kwaliteit van jou werk en die toekenning van indrukspunte

Maak seker dat jou werk leesbaar en interessant aangebied is